Ons Visie: “Maak dissipels vir Christus”

NG KERK MIEDERPARK
DANKOFFERS EN TIENDES – Saamgestel deur Ds. Willem Louw

Daar is baie argumente oor die gee van ’n tiende (10% van ons inkomste). Nie almal stem daarmee saam nie. **Die Bybel is die enigste betroubare bron, daarom moet ons kyk wat die Bybel sê.**

OU TESTAMENT

1. **Nog voor die Wet gegee was**: lank voordat Moses die Wet van die Here ontvang het en baie wette opgestel was, waaronder die gee van tiendes aan die Here, het Abraham ’n tiende van alles gegee. Gen.14:17- 20 en Hebr.7:4 bevestig dit.
2. **Ook Jakob het baie jare voor die Wet ingestel was, tiendes aan God belowe**. Gen.28:22 – “*en van alles wat U my gee, sal ek vir U ’n tiende gee*.” Let wel, alles wat ons het.
3. **Toe die Here die Wet vir Moses gee, het die wet dit bevestig en was die tiende ’n voorskrif, –** tiendes van alle landbou-produkte en alle lewende hawe. Lev. 27:30-33, Num.18:21-24, Deut. 14:22.
4. **In die laaste boek van die Ou Testament** praat die Here in ’n baie duidelike taal oor die tiende wat na die Huis van die Here gebring moet word. Mal.3:7-8 “*Van julle voorvaders se tyd af het julle van My voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: “Waarom moet ons bekeer? Sal ’n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: “Waarvan beroof ons U?” Van tiendes en offergawes.”* Mal.3:10 “*Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.”*

NUWE TESTAMENT

1. **In die Nuwe Testament word die tiende nie opgehef deur die Here nie.** Matteus 23:23 leer: *“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. (en luister nou mooi na die volgende woorde:) Juis hierdie dinge moet ’n mens doen en*

die ander nie nalaat nie." **Dit lyk hier of die Here Jesus nie 'n probleem met die tiende het nie, maar met die hartsgesindheid van mense.** Wat moet hulle nie nalaat nie? Die gee van die tiendes. Die Here Jesus hef die tiende nie op nie. Hoekom? Omdat die tiende nie 'n Ou Testamentiese wet, 'n seremoniële wet is nie. Dit is deel van die morele wette wat God reeds voor die totstandkoming van die wet aan die mensdom gegee het. Hoewel alles wat ek is en besit aan God behoort wil Hy my leer dat 'n tiende van my inkomste aan die Here behoort. Nou sê Hy: "Gee die tiende, maar doen ook geregtigheid, wees betroubaar, wees barmhartig.

2. **Lees nou 1 Korintiërs 16:1-2**: "*Wat die kollekte vir die gelowiges in Jerusalem betref, moet julle ook maak soos ek dit in die gemeentes van Galasië gereël het. Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie."* Die gelowiges moes **op 'n gereelde en gedissiplineerde** wyse geld vir die Here opsy sit. **Die konsep "na sy vermoë" beteken letterlik proporsioneel, volgens 'n vaste proporsie of beginsel**. Elkeen van ons moet volgens 'n vaste beginsel proporsioneel gee. Dit beteken die wat baie kry, het 'n sekere beginsel waarvolgens hulle dit moet doen en die wat min kry, het 'n sekere beginsel waarvolgens hulle dit moet doen. **Wat is die enigste beginsel wat ons in die Skrif het waarvolgens ons kan meet watter deel die Here s'n is? Die enigste proporsie of beginsel is die beginsel van die tiende.** As 'n persoon R10 000 kry, is R1 000-00 die Here s'n en as iemand R200-00 kry, is R20-00 die Here s'n. Wanneer die Korintiërs die brief lees, weet hulle presies waarna Paulus verwys.

VRYWILLIGE OFFERS EN ANDER OFFERS

1. **'n Dankoffer is bo en behalwe my tiende**. Dit gee ek om vir Hom dankie te sê vir sy guns en goedheid. Die tiende is in beginsel nie 'n dankoffer nie. 'n Tiende is die Here s'n.
2. **Met watter gesindheid moet ons gee wanneer ons gee?** In 2 Korintiërs 9:6-7 skryf Paulus eerstens: "*Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes, en wie volop saai, sal volop oes.* ***Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie****."* Met ander woorde, wanneer ons gee moet ons vrywillig gee. Vanuit 'n menslike perspektief kan elkeen van ons met die geld maak wat ons wil. Daarom sê Paulus wanneer ons gee, moet ons vrywillig gee. Niemand moet gedwing voel nie.

   In Lukas 6:38 staan daar: "*Gee, en vir julle sal gegee word: 'n goeie maat, ingestamp en geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat*

waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word." As ons gee, moet ons nie bluf nie: **ons moet oorvloedig gee**. Ons moet 'n volle maat skep, ingestamp, geskud, en propvol en dit vir die Here gee

3. **Wat is dit wat 'n gelowige beweeg om ruim by te dra vir die Koninkryk van Christus?** Wanneer ons ten volle begryp hoe groot God se liefde en daaglikse versorging vir ons is, – **dan kan ons nie anders as om uit innige dankbaarheid ruim aan Sy koninkryk te offer nie** (vgl.2 Kor.9:5 en15). Maar die dryfkrag om ruim te offer gaan nog verder – Paulus sê die mense wat so ruim geoffer het, het 'n spesiale volgorde van gee gehad: "*eers het hulle hulleself aan die Here gegee*" (vgl. 2Kor.8:5), – **wie sy hart aan die Here oopstel en sy lewe aan die Here se koninkryk wy, gee vanself, spontaan en gee graag baie vir die Here wat hulle so liefhet.**

OFFERS SONDER DWANG

1. In die Ou Testament was die gee van tiendes 'n verpligting. Hulle offer omdat hulle moet. **Christus het dit egter beklemtoon dat Hy geen behae het in gedwonge offers nie.** Paulus beklemtoon daarom ook dat God 'n blymoedige gewer liefhet. **Sedert die Nuwe Testamentiese tydperk offer ons aan die Here omdat ons dit so graag wil doen – dit is 'n offer uit liefde en dankbaarheid aan die Here. Daarom meld Paulus dat mense wat God liefhet by tye selfs bo hul vermoë aan God dankoffers gee.** Vgl. 2 Kor.8:1-3. *"Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië van God ontvang het. Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid.* ***Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra."***
2. Dit is ook tot God se eer dat ons gereeld, soos God ons seën, ons bydraes aanpas.

WAARHEEN MOET ONS TIENDES GAAN?

1. Moet ek my hele tiende vir die kerk gee of kan ek dit verdeel soos ek wil? **In die Ou Testament het die geld na die skatkis in die tempel gegaan** en is dit gebruik vir geestelike dienswerk en alles wat daarmee saamgaan. **In die Nuwe Testament lyk dit of die geld na die gemeente toe moet gaan.** Die geld moet aangewend word vir die werk van die Here, geestelike dienswerk, die verkondiging van die evangelie en alles wat daarmee saamgaan. Laat die Gees van God u dan lei in u offervaardigheid teenoor God en die aanwending van u offers.